**H. OHLHOFF**

# RUIMTE IN ENKELE KORTVERHALE VAN VAN MELLE*

As 'n mens sou vra wat die eenvoudigste omskrywing van 'n verhaal — hetsy kortverhaal, novelle of roman — is, sou 'n moontlike antwoord kon wees dat dit (a) 'n beskrywing of verslag is (b) deur iemand (c) van gebeure (d) met figure wat die gebeure veroorsaak of daardeur geraak word en wat (e) binne 'n bepaalde tyd en ruimte — geografies, geestelik, ens. — bestaan en dit ervaar en dat deur die samespel van hierdie komponente (f) 'n grondmotief of tema tot stand kom. Van elkeen hiervan moet die *wat* en die *hoekom,* die *feit* en die *funksie* telkens nagegaan word.

Bekyk 'n mens nou die voorgeskrewe verhale van Van Melle, dan is dit opvallend dat daar by verskillende van hierdie komponente ooreenkomste tussen sekere verhale is. Die verteller is byvoorbeeld nooit 'n karakter in die verhaal self nie, die gebeure is gewoonlik alledaags en so ook die figure. Die figure is meermale ook nie aktiewe bewerkers van gebeure nie, maar die passiewe of magtelose onderganers van ander se dade of van gebeure waaroor hulle geen beheer het nie ("Oom Diederik leer om te huil", "Weer by die huis", "Die laaste skof" en selfs "Betyds"). Só kom hulle en/of die leser egter soms tot bepaalde oplossings en insigte. Wat ruimte en tyd betref, speel die platteland en periodes wat vir die Afrikaanse leser van vandag al ver in die verlede lê, baiekeer 'n rol.

Wat die ruimtekomponent betref, wil ek aan die hand van enkele verhale in meer besonderhede op 'n bepaalde werkwyse van Van Melle ingaan: die gebruikmaking van meer as een, soms botsende ruimtes. En dan dink 'n mens hier eerstens aan 'n groep verhale soos "Versoening", "Weer by die huis" en " 'n Patattalander". In elkeen van hierdie verhale word die verskillende figure o.a. gegroepeer volgens die ruimte waarbinne hulle (noodgedwonge) verkeer. Dink maar aan die kontrasterende woonplekke en daarmee gepaardgaande omstandighede van Paul Visage enersyds en Ben Viljoen en Niek Opperman andersyds in "Versoening": "'n Huis staan daar, *klein,* by hoë bloekombome, hul swart groen krone onduidelik sigbaar" (38), "Oom Ben sit in die *ruim* sitkamer van sy *groot* boerehuis" (50) en "Die *groot* grysgepleisterde huis staan daar . . . Uit die *groot* huis kom 'n man, Paul Visage. Hy druk sy hoed vas op sy kop en . . . loop na sy *huisie* wat 'n paar honderd tree verder buitekant die bloekombome staan. Dit staan 'n bietjie laer af teen die skuinste, 'n

---

* Lesing gehou op 8 Mei 1979 by die Hoërskool Hendrik Verwoerd.

*klein armoedige* huis sonder boord . . ." (47). En juis uit die leefwyse waarvan hierdie huise teken is, vloei die konflik in die verhaal deels voort. Uiteindelik kom die "versoening" dan ook as die ruimte om Oom Ben agteruitgaan. Dan het hý vir Páúl nodig, dan is die rolle omgekeer en sien Paul kans om terug te gaan: " 'Ja', sê hy, 'nou gaan ons. Nou moet ek gaan. Nou is dit nie ek wat hom nodig het nie, maar hy het my nodig' " (53).

In "Weer by die huis" is daar die teenoorgestelde ruimtes van Martiens-hulle aan die een kant en die Viljoens en veral die Bredenbachs aan die ander kant. Martiens en sy mense en Katrina en haar mense is nie net fisies geskei deurdat hulle op verskillende plase bly nie; hulle leef ook in verskillende politieke ruimtes — die ruimte van dié wat die Regering gehelp het en die ruimte van dié wat gerebelleer het. En Katrina se interpretasie van hierdie feit lei tot haar verwerping van Martiens en haar aanvaarding van "Koedoebul" (67/8).

" 'Als er dan geen koren in de schuur wezen zal en geen schaap in de schaapskooi wezen zal en geen rund of ezel in de stal wezen zal, zoo zal ik nochtans van vreugde opspringen en den God mijns heils' " (118). Hierdie woorde vat in meer as een opsig die fisiese en godsdienstige ruimte waarbinne Oom Louw le Roux in "'n Patattalander" leef en graag wil leef, saam. Die harde Bosveldwêreld het meermale veroorsaak dat daar geen koring en geen beeste was nie (116), maar nogtans het hy, gelei deur die jong dominee, geleer om te jubel in die God van sy heil. Ironies genoeg egter, as hy later weer versterking soek, dan ken die dominee wat intussen L.V. geword het net een rympie: Al wat sal help, is as die regering in daardie streek damme laat bou (119, 120). Die verandering in die leefruimte van die dominee het — tot die ontnugtering van Le Roux — ook sy lewensgesteldheid verander, en Le Roux word by implikasie die verteenwoordiger van die godsdienstige idealisme, al voel hy vir die oomblik swartgallig: "Le Roux is swartgallig by sy werk. 'Asof damme sal help', dink hy. 'As ons die grootste damme het, sal daar maar weer iets anders wees wat ons opneuk. Nee, damme, as ons ons hoop daarop moet bou, sal dit maar treurig wees' " (120).

'n Opvallender faset van hierdie saak vind 'n mens egter by 'n tweede groep verhale waar Van Melle van meer as een ruimte in die lewe van een en dieselfde figuur gebruik maak. Hiermee gaan dan ook 'n spel met die tyd saam. Tot die verhale in hierdie groep behoort "Oom Diederik leer om te huil", "Oom Karel neem sy geweer saam", "'n Goeie dag" en "Betyds". In eg. verhaal vind ons Oom Diederik in die "wyk van Buffelshoek" (23) waar baie mense siek lê aan malaria, die huidige ruimte van die verhaal dus. Dan word Oom Diederik ook siek en in sy koorsdrome ontvou nog twee ruimtes hulle mettertyd: 'n realistiese en 'n

simboliese. Eg. het te make met die plekke en dade van Oom Diederik in die deel van sy lewe wat verby is. Ons kom agter dat hy gedurende die Eerste Vryheidsoorlog by Bronkhorstspruit geveg het, dat hy by die Jameson-inval wou help veg en dat hy ook deel gehad het aan die Tweede Vryheidsoorlog en Rebellie. So word steeds nader aan die "nou" van die verhaal beweeg. Alhoewel dit wat hy droom realisties is in dié sin dat dit rym met sy lewe as plattelander (die vlaktes, die pad, die hekke), kry veral die pad, die hekke, en die kerk tog ook simboliese betekenis: Die hekke word as't ware die maatstawwe wat sal bepaal of sy lewenspad in die hemel, gesimboliseer deur die kerk, sal eindig. Die simboliese aard van hierdie ruimtelike elemente blyk o.a. uit die feit dat vrae gevra word voor hy deurgelaat word, dat die vrae moeiliker word en na die godsdienstige vorder, en dat die figure in sy droom progressie vertoon: van gewone Boere, na offisiere, na die indrukwekkende gestalte wat lyk soos 'n generaal. Dié gee hom dan die opdrag om terug te gaan na waar hy vandaan gekom het. In die verhaal beteken dit na die huidige tyd en ruimte. En met die ruimtes van die droom as aanleiding kom hy uiteindelik in die huidige tot insig n.a.v. die gedeelte wat die dominee gelees het: "net die laaste hek sal hy nie kan deurgaan nie; daar gaan alleen die mense deur wat huil; trane huil wat nooit ophou vloei nie; waar jy is, hier op aarde of van die aarde weg, aanhou vloei solank die mensdom in nood en sonde leef. Mag hy dan nie daardie trane hê nie?" (32). Nie die belangrike plekke en dade van sy verlede nie, maar om te huil oor die mensdom sal toegang verleen.

Ook in "Oom Karel neem sy geweer saam" word drie tye en (vier) ruimtes aangetref: die verlede met Oom Karel se jagtogte in die Bosveld, die hede met Oom Karel as ou man op die plaas en sy tydelike terugkeer na die Bosveld, en die toekoms van die hemel. In teenstelling met Oom Diederik vind Oom Karel vrede n.a.v. sy belewing van die ruimte. Wanneer hy terugkeer Bosveld toe, is sy ou jagplekke 'n teleurstelling — daar is min wild oor en dit wat daar is, is nie ongediertes — dit wat hy altyd gejag het nie. Moontlik moet 'n mens hierin 'n parallel sien met die predikant se siening van die hiernamaals as 'n plek van vrede (76). As Oom Karel egter verder trek, besef hy dat daar tog nog ongediertes oor is: Hy hoor leeus en sien hulle spore. Parallel hieraan is sy uiteindelike oortuiging dat daar ook in die hiernamaals nog op plekke "ongediertes" sal wees om uit te roei, dat hy dus tog daar as ou jagter en krygsman tuis sal kan voel.

In "'n Goeie dag" vervul die ou skoolgebou vir die verteller en die onderwyser, wat telkens in die verhaal te voorskyn kom en so die hooffiguur en draer van die verhaalinsigte word, verskillende funksies. Deur die "afskeidstoespraak" aan die gebou word bepaalde insigte oor die wese van die kind oorgedra. Vir die onderwyser egter word dit

simbool van rus en kalmte waarheen hy vanuit die nuwe tyd en ruimte in die nuwe skool kan teruggryp: "Voor hom word die nuwe skool sigbaar, gryswit in die nag, goed te sien teen die aandhemel, bo-op die kruin van die bult. Gedagtes aan die nuwe toekoms, aan sy werk wat voorlê, hou hom nou besig en die ou skool trek weg uit sy bewussyn. Maar in hom, in sy geskiedenis, langs sy lewenspad, is daar 'n plekkie waar hy altyd in sy herinnering sal kan teruggaan om te rus, om vrede en dankbaarheid te vind as tye miskien swaar of onaangenaam word" (104).

En dan, om mee af te sluit, is daar die wêrelde van prokureur Van Zyl in "Betyds". Daar is die lewe by die huis saam met sy vrou, 'n wêreld wat dreig om inmekaar te stort a.g.v. finansiële probleme. Dan is daar sy kantoorwêreld waar in werklikheid niks aangaan nie, 'n feit wat hom al dieper in die skuld laat beland. Daar is egter ook die valse wêreld waarbinne hy lewe t.w.v. sy sterwende vrou. En hierdie valse wêreld bepaal elke handeling en houding in die verhaal. Dit voorkom dat sy vrou ook geestelik ly, dit laat hom alles moontlik doen om die skyn so lank moontlik te bewaar en dit gee ook berusting met sy vrou se dood: Sy het gesterf terwyl die illusiewêreld nog vir haar werklikheid was.